basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS 1: ARTIKEL

**AI, DIE SONDES VAN ONS VOOROUERS!**

***In watter sondes het ons voorouers ons voorgegaan?***

1 Suid-Afrikaners deel ’n kommerwekkende erfenis: die sondes van ons voorouers. Hierdie sondes het aanleiding gegee tot ’n nalatenskap van legio siektes en probleme wat tans verreikende gevolge vir baie Suid-Afrikaners en ons omgewing inhou. Hoe manifesteer sommige van hierdie sondes in die samelewing?

2 “Buitengewoon baie Suid-Afrikaners rook,” sê dr. Yussuf Saloojee, uitvoerende direkteur van die Nasionale Raad Teen Rook. “Toe sigaretadvertensies nog deur ons voorvaders toegelaat is, het dit ’n sterk buitelewetema gehad en Suid-Afrikaners was ontvanklik vir dié soort advertensies omdat ons graag in die buitelug gelewe het. Die waarheid is egter: sigaretadvertensies met ’n buitelewetema het nierokers onbewustelik beïnvloed om te begin rook en rook het ’n verslawende invloed.”

3 “Wat soos ’n paal bo water staan, is dat die ouervoorbeeld deurslaggewend is! Kinders wie se ouers rook, is geneig om self te rook wanneer hulle groot is. Dit is blykbaar so dat rokers makliker met dwelms waag,” aldus Saloojee.

4 Nog ’n groot krisis is drankverbruik: Suid-Afrika se drankverbruik tel onder die hoogste ter wêreld. “Plaaslike gebruikers drink sowat 20 liter suiwer alkohol per persoon per jaar,” sê prof. Charles Parry, direkteur van die Mediese Navorsingsraad (MNR) se navorsingseenheid oor alkohol- en dwelmmisbruik.

5 “Hoewel baie Suid-Afrikaners nié drink nie, vergryp omtrent ’n derde van diegene wat wel drink, hulle gereeld. Alkohol is, gevolglik, die derde grootste bydraer tot dood en gestremdheid in Suid-Afrika. Dit dra grootliks by tot epilepsie, hoë bloeddruk, diabetes, asook mond- en lewerkanker. Die gevolge van gereelde alkoholmisbruik kos die ekonomie sowat R38 miljard per jaar,” aldus Parry. “Baie gesinne ly gebrek omdat een of al twee ouers die grootste deel van hulle salarisse aan drank bestee.”

6 Moet hierdie buitensporige drankmisbruik nie voor die deur van talle ouers en voorouers gelê word nie? Hoe lyk die voorbeeld wat talle ouers stel of gestel het?

7 Ongelukkig is dit nog nie die einde van die eietydse probleme wat vir ons nagelaat is nie!

8 “Byna 70% van Suid-Afrikaanse vroue is oorgewig. Dít is vir ons ’n baie groot bron van kommer,” aldus dr. Vash Mungal-Singh, uitvoerende hoof van die Hart-en-beroerte-stigting in Suid-Afrika. Hy sê vetsug is aan die toeneem onder jonger Suid-Afrikaners; hulle eet, soos hulle voorouers, te veel sout. Dit lei tot hoë bloeddruk, maag- en kolonkanker, niersiektes en, les bes, tot verhoogde cholesterol wat tot hartaanvalle en beroertes bydra.

9 Suid-Afrikaners eet van toentertyd af graag vleis en daar is ’n verband tussen die inname van gepreserveerde (met sout behandel om dit te bewaar) vleis en kolonkanker. Dit is vanselfsprekend dat iets soos biltong wat vir ons voorouers ’n lekkerny was, baie nadelig vir die liggaam is,” sê dr. Carl Albrecht, hoof van die navorsingseenheid by die Kankervereniging van Suid-Afrika.

10 Weens die moontlikheid van ekonomiese vooruitgang het talle van ons voorouers gedurende die vorige eeu na stede gestroom. Sodanige verstedeliking het negatiewe gevolge gehad: dit het hulle gesondheid benadeel. “Navorsing toon dat stedelinge makliker kanker kry as mense wat op die platteland woon,” sê Albrecht. “Die voorkoms van kanker is drie of vier keer hoër in die stad. Mense verdien meer geld in die stad en kan goed soos sigarette en kitskos makliker bekostig. Daarby hou lugbesoedeling in stede ook groot risiko’s in.”

11 “Ons, net soos ons voorouers, is natuurmense en versot op die buitelug en die son en ons betaal ’n duur prys hiervoor: velkanker op die hande, gesigte en rûe van Suid-Afrikaners,” volgens Albrecht. Die oormatige blootstelling aan die son gaan dus nie ongestraf verby nie.

12 Die nalatenskap van ons vaders strek veel verder as ons eie liggame: die nie-bewaringsbewustheid van ons voorouers laat ons omgewing kreun onder die las van besoedeling.

13 ’n Skrikwekkende aantal spesies wat aanvanklik in Suid-Afrika bestaan het, is uitgewis. Pleidooie uit wetenskaplike oorde om kweekhuisgasse te beperk en aardverwarming te stop, val op dowe ore! Terwyl natuur- en weerkundiges op grond van intense navorsing toenemend pleit vir ’n kollektiewe wil om die omgewing se voortbestaan te verseker, kap derduisende mense steeds bome af en bemors die lug, see en die aarde.

14 Is hierdie apatie[1] jeens die omgewing dan nie ook die gevolg van ons voorouers se voorbeeld en optrede nie?

15 Mark Tennant, ’n natuurkenner, waarsku: “Daar is ’n magdom diere, insekte, voëlsoorte en reptiele wat bedreig word terwyl die meeste ma’s (en sommige pa’s) die verkeerde voorbeeld stel deur ’n spinnekop sommer net dood te slaan!”

16 "Die heel belangrikste wat 'n kind moet leer, is respek vir alle lewende wesens. Hierdie respek wat die kind teenoor die omgewing aanleer, sal ook respek vir hom-/haarself en alle ander lewe ontwikkel. Eers dán sal almal groener dink en leef, besoedeling begin bekamp, herwin, bewaar en uiteindelik selfs gesonder leef! Dis die eerste en enigste voorwaarde vir 'n toekoms!"

17 Ouers, onderwysers, magnate, regeringslui en wêreldleiers: kinders is ons toekomstige omgewingsbestuurders! Onthou dus: ons erf wel gewoontes, leefstyle en gevolglike siektes by ons voorouers – nie die aarde nie! Dít leen ons by ons nageslag.

[1] a-pa-tie´ s.nw. Onverskilligheid, lusteloosheid [a + *pathos* gevoel]
[Uit *HAT* 2000]

[Aangepas uit *BEELD*, 25 September 2013 en "Die planeet in hulle hande", www.vrouekeur.co.za]

1.1 Waartoe het die "sondes" gelei wat ons volgens paragraaf 1 van ons voorouers geërf het? (1)

1.2 Gee TWEE redes waarom sigaretadvertensies met 'n buitelewetema meer kwaad as goed gedoen het. (2)

1.3 Waarom is die stelling in die laaste sin van paragraaf 3 nie noodwendig 'n feit nie? (1)

1.4 In paragraaf 5 neem prof. Parry baie sterk standpunt in teen alkoholmisbruik. Watter lewenstylsiektes is volgens hom die gevolg van alkoholmisbruik? (4)

1.5 Gee 'n woord uit paragraaf 7 wat bewys dat die skrywer van hierdie artikel subjektief by die teks betrokke is én sê waarom hierdie subjektiwiteit aanvaarbaar is. (2)

1.6 Waarom is dit volgens die teks nadelig om biltong te eet? (1)

1.7 Verduidelik die ironie in paragraaf 10. (2)

1.8 Herlees paragraaf 11.

Is die "prys" wat Suid-Afrikaanse sonaanbidders "betaal", inderdaad "duur"? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Is die gebruik van personifikasie in paragraaf 12 binne konteks funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 In paragraaf 14 word die mens van "apatie" jeens die aarde beskuldig.

1.10.1 Bewys uit paragraaf 13 dat hierdie beskuldiging die waarheid is. (3)

1.10.2 Hoe sal mense wat nié apaties is nie, teenoor die diereryk optree? (1)

Kopiereg voorbehou 

1.11 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit paragraaf 13 aan wat die oplossing kan wees vir ma's en pa's (in paragraaf 15) se negatiewe voorbeeld met betrekking tot bewaring. (1)

1.12 Som die tema van die teks in 'n enkele sin op. (1)

1.13 Beoordeel die gepastheid van paragraaf 15 en 16 en motiveer of dit by die titel en subtitel aansluit. (3)




**EN**

**TEKS 2: VISUELE TEKS**

1 **Ongesonde kos se prys is 69% laer as**
2 **dié van gesonde kos.**

3 


4

| **FIGUUR 1** | |
|---|---|
| **Groeiprobleme** |  |
| **Ondergewig** |  |
| **Oorgewig** |  |
| **Oormatig oorgewig** |  |

[Aangepas uit www.rapport.co.za/KaapRapport]

1.14 Waarom eet mense in Suid-Afrika relatief ongesond? (1)

1.15 Dink jy die visuele voorstelling ondersteun die wens in die gedagteborrel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Is die visuele voorstelling, na jou mening, diskriminerend? Motiveer jou standpunt. (1)

1.17 Watter afleiding kan ’n leser uit FIGUUR 1 oor Suid-Afrikaners se massa maak? (1)

1.18 Haal die sin uit paragraaf 8 in TEKS 1 aan wat die beste by dié visuele voorstelling aansluit. (1)

1.19 Wat was die *Rapport*-redaksie se doel met hierdie visuele teks? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

1. Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE voordele wat lees vir lesers** inhou.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**HOE OORGEHAAL IS JY VIR LEES?**

Geletterdheid is die vermoë om te lees, te skryf en die geskrewe woord te verstaan. Lees is een van die eerste vaardighede wat aangeleer word; sonder hierdie belangrike vaardigheid is daar verreikende gevolge: ’n kind wat sukkel om te lees, sukkel om te leer.

Volgens Susan du Plessis, Direkteur van Opvoedkundige Programme by Edublox, is dit van die uiterste belang dat kinders goed moet kan lees.

Lees help jou kind om ’n uitgebreide woordeskat te ontwikkel. Verder verbeter lees ’n kind se taalvaardigheid ten opsigte van sinskonstruksie.

Lees gee meer terug as wat ingesit word – kinders leer beter fokus sodat hulle konsentrasie verbeter. Dit is so dat moderne kinders deur elektroniese toestelle se klank en beweging oorweldig word. Lees bied vir hulle brein die nodige stilte wat so onontbeerlik in vandag se gejaagde lewe is.

Lees en spel gaan hand-aan-hand, want die een ontwikkel die ander. In die sakewêreld is spelfoute uiters onprofessioneel en dus onaanvaarbaar. Swak spelling is deesdae die gevolg van SMS-taal en ’n swak leesvermoë; speltoetsers op rekenaars is nooit volkome korrek nie! Lees is dus die antwoord!

Vir ouer en kind is leestyd ’n spesiale manier om daagliks kwaliteittyd deur te bring: iets wat deesdae al hoe minder in moderne huishoudings plaasvind. Samesyn tussen ouer en kind is in hierdie tyd van gebroke huise en verwarde jongmense lewensbelangrike ankers.

Lees stimuleer ’n wye algemene kennis, iets wat min mense het, maar almal begeer. Hoe groter die verskeidenheid tekste wat kinders lees, hoe wyer strek hulle algemene kennis.

Intensiewe navorsing het getoon dat leesaktiwiteite reeds voor skool op informele wyse deur ouers toegepas moet word. Ouers moenie van skole verwag om ’n liefde vir lees by hulle kinders te vestig nie. Indien ouers nalaat om hierdie verantwoordelikheid na te kom, sal hulle kinders moeilik ’n leeskultuur aanleer.

Anders as wat ons dink, is die Internet nie die einde van die geskrewe woord nie; woorde is, immers, boustene wat op alle vlakke van die samelewing iets verklap van die skrywer se opvoedingstandaard: ’n e-pos aan ’n voornemende werkgewer of ’n skyfievertoning, vol spelfoute, voor honderde kongresgangers kelder onmiddellik drome en lei tot skande en skaamte.

[Aangepas uit www.thereadingclinic.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Op soek na nòg groter ruimte?
Gesonder milieu?
Geriefliker plek?




Of minder ruimte? **Straks** minder luuks? Ons bied jou die nommerpas plek vir jou behoeftes en smaak. Indien ons dit nie pasklaar gereed het nie, sál ons hemel en aarde beweeg om dit nét vir jou – gewaardeerde kliënt – te vind! ***Jou*** behoeftes maak vir ons saak!

***Ons is nie verhuurders nie.***
***Ons is mense!***

REDEFINE
EIENDOMME
www.redefine.co.za
0860redefine

[Aangepas uit www.bdlive.co.za/businesstimes]

3.1 Verbeter die spelfout in reël 1. (1)

3.2 Gebruik 'n homoniem van die onderstreepte woord in reël 1 in 'n verklarende sin. (1)

3.3 Waarom word die vergrotende trap in reël 1–3 by herhaling gebruik? (1)

3.4 Hoekom is die idioom, naamlik dat iets/iemand 'n hondelewe lei, hier van toepassing? (1)

3.5 Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte woord in reël 4. (1)

3.6 Met watter emotiewe woord dui die advertensie in reël 5–6 aan dat die eiendom aan die huurders se verwagtinge sal voldoen? (1)

3.7 Skryf net die hoofsin wat in die onderstreepte sin voorkom, neer. (1)

3.8 Gebruik die woorde "hemel en aarde" (reël 8) denotatief in 'n enkelvoudige sin. (1)

3.9 Hoekom is die woordgebruik in reël 10 geslaagd? (1)


3.10 Waarmee manipuleer dié advertensie aspiranthuurders om vir seker Redefine Eiendomme, en nié ander verhuurders nie, te gebruik? (1)
**[10]**


**EN**

## VRAAG 4: VISUELE TEKSTE

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### MEESTER






[Uit: www.daniecronje.co.za]

4.1 Verduidelik die pleonasme wat in raampie 1 voorkom. (1)

4.2 Vervang "in die middae" in raampie 2 met EEN woord. Skryf net die woord neer. (1)

4.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Neelsie se woorde in raampie 3? (1)

4.4 Gebruik "verweer" (raampie 4) as selfstandige naamwoord in 'n verduidelikende sin. (1)

4.5 Skryf 'n besitlike voornaamwoord in raampie 6 neer. (1)

4.6 Herlees raampie 7–9 en voltooi die volgende sin deur slegs die ontbrekende voorsetsel neer te skryf:

Neelsie verkeer ... 'n wanindruk oor sy eie wiskundige vermoëns. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.7 Herlees raampie 10–12. Verduidelik hoekom Meester se reaksie in raampie 11 so gepas is. (1)

4.8 Die woord "hewige" (raampie 14) en "heftige" word dikwels verwar. Formuleer 'n sin waarin jy die woord "heftig/heftige" gebruik. (1)

4.9 Watter belangrike inligting verswyg Neelsie in raampie 15? (1)

4.10 Op watter wyse word die verhouding tussen taal en mag uit Meester se woorde in die teks bevestig? Verwys spesifiek na raampie 4, 7 of 10. (1)
**[10]**

**EN**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WAT VROUE OOR MANS, EN ANDERSOM, DINK ...**

1 Ek het my bedenkinge oor mans wat sommer so tjoef-tjaf was, want vir my is bad (5.1) (terapie). Hoe vinniger ek bad, hoe vinniger (5.2) <u>spring ek op my perdjie</u>! Niks is behaaglikers as om my lyf in (5.3) **verruklike** skuimbolle te week nie.

2 Ek sal maklik in die donker sit en droë brood eet in ruil vir 'n vol, warm bad, al kerm elke (5.4) <u>BBP</u> oor elektrisiteit! Natuurlik bewonder ek vroue wat gereeld in 'n (5.5) **katspoegie** water kan bad, maar ék is (5.6) *spandabelrig* – ek week ure!

3 Dawie Roodt hét respek vir 'n vrou se badtyd, maar selfs vir 'n ervare ekonoom bly vrouens se badkamerrituele 'n misterie.

4 (5.7) **Hoe vroue so tydsaam kan wees**, gaan sy verstand te bowe, want mans neem glo selde langer as 'n minuut; soms net sekondes, sê hy. " 'n Suksesvolle stort word gekenmerk daardeur dat minstens vyftig persent van die man se lyf ná die stort droog is ..." Skuimbolle en spattende water kenmerk mans se luidrugtige stortsessies!

5 (5.8) Ek is onlangs aangesê om asseblief te gaan bad sodat ons kan ry. Ek was vies. (5.9) <u>My man het my onnodig aangejaag</u>. <u>Ek het lankal klaar gebad en geklee</u>.

6 (5.10) Is dit moontlik dat hy nie die verskil kan sien nie?

[Aangepas uit *Finesse*, Mei 2013]

5.1 Skryf die afgeleide vorm van die woord wat in paragraaf 1 tussen hakies staan, neer. (1)

5.2 Watter konnotasie heg ons aan die onderstreepte frase in paragraaf 1? (1)

5.3 Tot watter woordsoort behoort die vetgedrukte woord in paragraaf 1? (1)

5.4 Skryf die onderstreepte afkorting in paragraaf 2 volledig in woorde. (1)

5.5 Gee die betekenis van die vetgedrukte woord in paragraaf 2 met behulp van ’n gepaste intensiewe vorm. (1)

5.6 Gebruik ’n antoniem vir die gekursiveerde woord in paragraaf 2 in ’n verduidelikende sin. (1)

5.7 Benoem die vetgedrukte sinsdeel in paragraaf 4. (1)

5.8 Herskryf die eerste sin in paragraaf 5 in die direkte rede. (1)

5.9 Verbind die onderstreepte sinne in paragraaf 5 met behulp van die voegwoord “aangesien”. (1)

5.10 Skryf die slotsin in die toekomende tyd. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, word geen punte toegeken nie. Die rede/motivering/aanhaling moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| **Sien betekenis na en nie net woorde nie.** | | |
| 1.1 | “siektes”/“probleme”/“’n kommerwekkende erfenis”/“’n bedreigde omgewing” √ | (1) |
| 1.2 | Sigaretadvertensies het nierokers onbewustelik beïnvloed om te begin rook √ en Suid-Afrikaners is ontvanklik vir advertensies met ’n buitelewetema. √ | (2) |
| 1.3 | Die stelling is nie wetenskaplik getoets nie. √ | (1) |
| 1.4 | Alkoholmisbruik dra by tot lewenstylsiektes soos epilepsie, hoë bloeddruk, diabetes asook mond- en lewerkanker. √√√√<br><br>*Enige VIER van bogenoemde antwoorde kan aangebied word.* | (4) |
| 1.5 | Die woord “Ongelukkig”. √<br>**EN**<br>Dis duidelik dat die gesondheid en die voortbestaan van die omgewing/natuur (aardverwarming/verstedeliking) hom/haar bekommerd maak./<br>Hy/Sy gee om vir die natuur en Suid-Afrikaners se gesondheid./<br>Die skrywer ly self as gevolg van foute wat die vaders gemaak het./<br>Hy/Sy leef in dié omgewing en indien dit onbewoonbaar word/vergaan, sal hy/sy nie meer kan leef nie. √<br>*Die kandidaat kan enige antwoord wat binne konteks op kommer oor bewaring dui, aanbied.* | (2) |
| 1.6 | Dit bevat baie sout/preserveermiddels/kan kolonkanker veroorsaak. √ | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Die ironie is daarin geleë dat ons voorouers verstedelik het ter wille van ekonomiese vooruitgang, √ maar die stedelike lewe het hulle gesondheid nadelig beïnvloed. √<br><br>*Enige soortgelyke ironie binne konteks, maar albei dele van die ironie moet genoem word. Om 2 punte te verdien moet albei dele gegee word.* | (2) |
| 1.8 | Ja<br><br>Hulle doen maklik velkanker op. √ | (1) |
| 1.9 | Ja<br><br>Dit ondersteun die gedagte dat die omgewing ly/swaar kry./<br>Dit beklemtoon die omvang van besoedeling. √ | (1) |
| 1.10.1 | Van die aarde se lewende spesies het baie reeds uitgesterf./<br>Niemand doen iets om aardverwarming en/of kweekhuisgasse te stop nie./<br>Daar is nie 'n kollektiewe wíl om die planeet te red nie./<br>Mense kap bome af./<br>Lug-, land- en/of waterbesoedeling duur voort. √√√<br><br>*Enige DRIE antwoorde is korrek.* | (3) |
| 1.10.2 | Hulle sal die diereryk respekteer/diere nie uitroei nie/seker maak dat die diereryk bewaar word. √<br><br>*Die kandidaat kan enige antwoord met bogenoemde strekking aanbied.* | (1) |
| 1.11 | "kollektiewe wíl" √ | (1) |
| 1.12 | Die rol/voorbeeld van ouers bepaal die nageslag se gesondheid/optrede/houding/ gesindheid. √ | (1) |
| 1.13 | Ek dink dis 'n goeie/slim/gemotiveerde samevatting/klimaks wat by die titel aansluit. √<br><br>Dit wys op ouers/voorouers se verantwoordelikhede ten opsigte van gesondheid en ons planeet./<br>Dit gee raad om die invloed van die *sondes van onse vaders* te verminder./<br>Die gevolge van rook/drank/vetsug/ongesonde eetgewoontes/son/disrespek teenoor die planeet verdwyn nie vinnig nie/dit beïnvloed baie mense se lewens vir baie lank./<br>Nalatigheid/die verkeerde voorbeeld van voorgeslagte kan kinders se gesondheid en/of toekoms vernietig. √√<br><br>*Enige TWEE van bogenoemde motiverings verdien punte.*<br><br>**OF**<br><br>Dis nie 'n aanvaarbare/gepaste/samevattende slot nie, want die titel diskrimineer teen ouers/voorouers. √<br><br>Enige mens kan kies om die voorbeeld van sy ouers/voorouers te verontagsaam./<br>Die meeste jongmense is deesdae gesondheidsbewus en doen baie moeite om gesonder te leef./<br>Daar is "groen" bewegings wat die aarde probeer red./<br>Baie mense is bewus van die mens se invloed op die aarde en doen moeite met bewaring/herwinning ens. √√<br><br>*Enige TWEE van bogenoemde motiverings verdien punte.* | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.14 | Ongesonde kos is goedkoper as gesonde kos. √ | (1) |
| 1.15 | Ja<br><br>Aartappelskyfies/brood/geblikte kos/koeldrank/souse is nie gesonde kos nie./<br>Daar is geen visuele voorstelling van vars groente en/of vrugte nie. √ | (1) |
| 1.16 | Ja, in die voorstelling verskyn slegs ’n vrou terwyl baie mans en kinders ook oorgewig is.<br><br>**OF**<br><br>Nee, die teks handel oor die gevaar verbonde aan ’n ongesonde leefstyl en die skets kon net sowel van ’n man gewees het./<br>Nee, want in Leesstuk 1 word verwys na 70% van vroue wat oorgewig is, en as ma het vroue dus ’n direkte invloed op haar kinders. √ | (1) |
| 1.17 | Daar is meer mense wat oorgewig is as dié wat ondergewig is. √ | (1) |
| 1.18 | “Byna 70% van Suid-Afrikaanse vroue is oorgewig.” √ | (1) |
| 1.19 | Om mense bewus te maak van die erns van verkeerde eetgewoontes./te konfronteer met die invloed van hulle eetgewoontes. √ | (1) |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **[30]** |

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde in ’n paragraaf skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per hoofgedagte)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal indien kandidaat nie verbatim aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal indien kandidaat verbatim aangehaal het:
  - 6–7 aanhalings: ken geen punte toe nie
  - 1–5 aanhalings: ken 1 punt toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming geïgnoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

Kopiereg voorbehou 

## HOE OORGEHAAL IS JY VIR LEES?

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AANHALING UIT TEKS:** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
| 1 | *Lees help jou kind om 'n* ***uitgebreide woordeskat*** *te ontwikkel.* | A | Lees brei kinders se woordeskat uit. |
| 2 | *Verder verbeter lees 'n kind se* ***taalvaardigheid*** *ten opsigte van sinskonstruksie.* | B | Taalvaardigheid word verder deur lees verbeter. |
| 3 | *... kinders leer beter fokus sodat hulle* ***konsentrasie verbeter****.* | C | Lees verbeter kinders se konsentrasie-vermoëns. |
| 4 | *Lees bied vir hulle* ***brein die nodige stilte*** *...* | D | Kinders se brein kry tyd om stil te word wanneer hulle lees. |
| 5 | *Lees en* ***spel*** *gaan hand-aan-hand, want die een* ***ontwikkel*** *die ander.* | E | Lees ontwikkel kinders se spelvermoë. |
| 6 | *Vir ouer en kind is leestyd 'n spesiale manier om* ***daagliks kwaliteittyd*** *...* | F | Leestyd skep noodsaaklike gesinstyd. |
| 7 | *Lees stimuleer 'n wye* ***algemene kennis*** *...* | G | Kinders se algemene kennis ontwikkel danksy lees.<br>Aantal woorde:44 |

**OF**

**'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

| |
|---|
| Lees ontwikkel 'n kind se woordeskat en dit bevorder taalvaardigheid asook die vermoë om te fokus. Kinders se brein kry tyd om stil te word wanneer hulle lees. Op die koop toe verbeter dit kinders se spelling. Leestyd bied vir ouer en kind boonop die geleentheid om die familieband te verstewig. 'n Kind se algemene kennis ontwikkel danksy lees.<br>**Aantal woorde: 57** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | nóg √ | (1) |
| 3.2. | Die ruimte word wetenskaplik ondersoek. √ | (1) |
| 3.3 | Dit wil beklemtoon dat *Redefine* kan sorg vir meer as wat jy het./<br>Dit plaas die klem op die ekstra wat hierdie eiensdomsagentskap kan bied. √ | (1) |
| 3.4 | Uit die visuele voorstelling kan afgelei word dat die hond swaarky omdat hy sy spasie aan 'n kat moes afstaan./omdat sy blyplek vir hom te klein geword het. √ | (1) |
| 3.5 | Dalk/Miskien/Moontlik √ | (1) |
| 3.6 | *nommerpas* √ | (1) |
| 3.7 | sál ons hemel en aarde beweeg./Ons sál hemel en aarde beweeg. √<br><br>*Indien 'n kandidaat slegs hemel en aarde sou skryf, is dit nie korrek nie.* | (1) |
| 3.8 | Tydens die Skepping is die hemel en die aarde gemaak./<br>Die hemel en aarde lê ver uitmekaar./<br>Die hemel en aarde is albei kolossaal. √ | (1) |
| 3.9 | Dit trek onmiddellik aandag en/of prikkel die leser se belangstelling./<br>Die leser ervaar dat hy/sy by hierdie agentskap in mense wat omgee se hande is./<br>Dit kan die begeerte om 'n geriefliker huis/eiendom aan te skaf stimuleer./<br>Dit manipuleer die leser om geen ander eiendomsagentskap te gebruik nie./<br>Dit laat die leser spesiaal voel. √ | (1) |
| 3.10 | Met die suggestie dat ander verhuurders nie mense is nie./<br>Huurders word deur suggestie gemanipuleer om ander agentskappe nie te vertrou nie./Hulle wil menslike omgee oordra. √ | (1) |
| | | **[10]** |

**EN**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT: MEESTER**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die verwysing na *julle s'n* beteken *julle kinderdae* en dit is mos deesdae/vandag./ Dis woordoortolligheid, want *julle s'n* en *deesdae* beteken dieselfde. √ | (1) |
| 4.2 | smiddags/smiddae √ | (1) |
| 4.3 | Die meneer is (baie) oud./Dit was verskriklik lank gelede. √ | (1) |
| 4.4 | My verweer is dat ek daardie aand nie tuis was nie./<br>Die vyand se hardnekkige verweer het die soldate se moed gebreek./<br>Ek het geen verweer teen jou sjarme nie./<br>Wie sal sy verweer in die hof glo?/<br>Ek het geen verweer teen jou nie ... Jy het my oortuig! √<br>*Enige soortgelyke sin moet aanvaar word.* | (1) |
| 4.5 | ons/hulle √ | (1) |
| 4.6 | onder √ | (1) |
| 4.7 | Neelsie gebruik die woord *altemit* as 'n selfstandige naamwoord./is onder die indruk dat *altemit* iets aan sy lyf se naam is./gebruik die woord *altemit* totaal verkeerd./se verkeerde gebruik van die woord *altemit* klink nogal snaaks./Altemit is eintlik 'n bywoord. √<br>*Die kandidaat kan enige soortgelyke antwoord gee.* | (1) |
| 4.8 | Hulle argument was heftig./Dit was 'n heftige argument.<br>Sy ontkenning was so heftig dat dit my oortuig het./Sy heftige ontkenning ...<br>Politieke partye argumenteer heftig in die parlement./Heftige argumentering ...<br>Na hulle verset wat eers so heftig was, het hulle die hasepad gekies./<br>Na hulle heftige verset ... √<br>*Die kandidaat kan enige soortgelyke antwoord gee.* | (1) |
| 4.9 | Hy wil kattekwaad aanvang./Hy doen kennis op hoe om ontploffings te laat plaasvind. √ | (1) |
| 4.10 | Meester bewys dat hy in 'n gesagsposisie oor Neelsie is deur die gebruik van die volgende woorde: *Hoekom is jou wiskundehandboek so verweer?/Besef jy dat jy al weer wiskunde druip?/Neelsie, hoekom speel jy nie meer rugby nie?/*<br>Meester se taal dui daarop dat hy Neelsie tot verantwoording roep. √<br>*Die kandidaat se antwoord moet daarop dui dat 'n onderwyser se taalgebruik sy magsposisie kan reflekteer.* | (1) |
| | | **[10]** |

**EN**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | terapeuties √ | (1) |
| 5.2 | Sy/Hy word gou kwaad./vererg haar/hom gou./verloor gou haar/sy humeur. √ | (1) |
| 5.3 | byvoeglike naamwoord √ | (1) |
| 5.4 | Baie Belangrike Persoon/(B)baie belangrike persoon √ | (1) |
| 5.5 | bloedmin/bloedweinig √ | (1) |
| 5.6 | Die man wat niks vir die armes wil gee nie leef so suinig./onmededeelsaam./ inhalig./spaarsamig./vrekkerig./vrekagtig. √ | (1) |
| 5.7 | Onderwerpsin √ | (1) |
| 5.8 | Haar man/Die man/Die spreker het gesê: "Gaan bad, asseblief! Ons moet ry."/ Haar man/Die man/Die spreker het gesê: "Gaan bad asseblief sodat ons kan ry."/ Haar man/Die man/Die spreker het gesê: "Jy moet gaan bad, asseblief! Ons moet ry." √<br>*Enige soortgelyke antwoord behoort aanvaar te word.* | (1) |
| 5.9 | My man het my onnodig aangejaag, aangesien ek lankal klaar gebad en geklee het./Aangesien ek lankal klaar gebad en geklee het, het my man my onnodig aangejaag. √<br>*Die kandidate se antwoorde moet logies wees en woordorde is belangrik.* | (1) |
| 5.10 | Sal dit moontlik wees dat hy nie die verskil kan/sal sien nie?/Is dit moontlik dat hy nie die verskil sal kan sien nie? | (1) |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou